

Sessie 4 (Week 4 Okt.)

Wat is my lewensdoel?

Jou lewensdoel is die kombinasie van jou skeppingsdoel en persoonlike mikpunte van wat jy wil bereik in die lewe. Alle mense deel in die skeppingsdoel soos dit saamgevat word in Genesis 1:26-28 & 2:7-17.

In die Genesis-gedeelte wat die skepping beskryf, word die mens vanuit die stof (atome, molekules en proteïene) gevorm – dit is nou jou liggaam. Nadat die Skepper sy asem in die mens geblaas het,

word die mens 'n lewende siel – dit is nou jou selfbewustheid en gedagtes. God verklaar dat Hy Homself in die mens deur sy Gees bemagtig om te heers oor alle lewe. Sodoende kom die aarde tot voltoering.

Die Skepper plaas die mens in 'n omgewing van waar hy voorspoedig homself kan uitlewe, maar waarmee hy ook bemagtig word om te heers en die skepping kan beïnvloed. Die riviere wat vanuit die hoofstroom vertak, is figuurlik gesproke die vier lewens-areas waarmee die mens moet

woel om sy skeppingsdoel te volbring. Hierdie lewensareas is die middele, geleenthede, visie en dinamika. Die simboliek is duidelik dat hoewel die lewensareas bestaan, dit die mens se eie verantwoordelikheid is om daarmee te woel. Dis *nie wat jy het wat saak maak nie, maar wat jy gebruik*, is 'n ou-ou Chinese idioom wat millennia al oorvertel word.

Skrifgedeeltes in Genesis

Jou skeppingsdoel word verklaar in Genesis 1:26ev // *Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as*

ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.” God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.” / Die Here

God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas. //

Jou eie lewensdoel vloei ook vanuit wat God geskep het, soos dit staan in Genesis 2:7-17 // Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het. Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die ooste aangelê en die mens wat Hy gevorm het, daar laat woon. 9Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit

die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis. Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak, en van daar af het dit verdeel en vier riviere geword. Die eerste rivier is die Pison en dit loop rondom die hele Gawila, waar daar goud is. Die goud van daardie land is suiwer. Daar is ook balsem en oniks. Die tweede rivier is die Gihon en dit loop rondom die hele Kus. Die derde is die Tigris wat oos van Assirië verbyloop, en die vierde is die Eufraat.

Verklaring van simboliek van riviere wat vanuit Eden ontspring:

Die mens word geplaas in Eden, 'n vastigheid, maar 'n begrip wat ook beteken om te geniet, iets soos musiek wat in die ore opklink.

Eden is 'n plek van veiligheid, 'n plek waar die mens hom kan uitleef. Dit verskaf ook die omgewing vir lewensmiddele, vitaliteit en insig. Al wat kort is die beskikbaarheid, die invloeiing, van water waarmee die mens sy dors kan les, kan was en kan besproei. Dit alles word verskaf deur 'n rivier van vars water, wat ook

voorspoed beteken, wat vanuit Eden ontspring en vloei en ontplooi tot vier riviere wat ook geleenthede kan beteken.

Eerstens is daar die Pison, wat ook selfwaarde, die uitlewing van jouself, beteken. Elke rivier wat vanuit die hoofstroom verdeel, omsirkel 'n bepaalde gebied. Dit beteken, figuurlik gesproke, 'n begrensing van invloed en beheer wat ook gemoedsrus en die nodige middele bied. Tweedens is daar die rivier Gihon wat dui op die potensiaal en nuwe moontlikhede wat bestaan om

God se skepping te verbeter. Die derde rivier is Tigris wat dui op wat voor jou ooplê, op allerhande geleenthede. Die laaste en vierde rivier wat wyd oopsprei, is die Eufraat (Perat) wat dui op 'n lewensuitkyk wat nodig is soos gesindheid, dinamika, vitaliteit en innerlike lewenslus wat nodig is vir lewens vervulling.

Ds. Jan